

31 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21

Hou die hand voor die oog

Na die verstommende eindtafereel waarin die heerlikheid van die nuwe hemel en aarde, die nuwe Jerusalem en die troon ontvou is, bly die laaste aankondiging en finale uitnodiging oor. Tot drie maal toe klink dit in hierdie gedeelte: "Kyk, Ek kom gou!" Alle mense moet onder die indruk van sy naderende koms wees. En juis dáárna moet die bruid van die Lam met groot verwagting uitsien.

Nou kom die finale waarskuwing: "Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen. Wie vuil is, moet vuil bly". Die tyd van genade het uitgeloop. Die finale ontknoping van die wêrelddrama is op hande. Al die sluiers van God se grootheid val af. Die oujaarsnag van die wêreld het aangebreek, maar tegelyk is dit die volle dag van die Here wat kom!

Hoe sien 'n gelowige nie uit na daardie dag van afrekening en volmaaktheid nie! Dit eindig in die intieme tweegesprek tussen die Bruidegom wat roep: Ek kom gou! En die bruid wat roep: Kom! Dit is die Heilige Gees wat hierdie versugting in 'n mens werk (Rom 8:26).

Bid tog maar saam! Hou ook vas aan sy woorde, want dan geld sy seënspreuk ook vir jou: "Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem." Die Oujaar bring vir jou 'n boodskap: "Kyk, Ek maak alles nuut". Hou die hand biddend voor jou oog en sien uit na sy koms!

Sing: Skrifberyming 35:3

Dr B Duvenage (Emeritus)